

Aansoek en Ooreenkoms vir Munisipale Dienste

(Aansoek vir die lewering van dienste moet minstens 30 dae voor die datum waarop die dienste verlang word, ingedien word.)

A. BESONDERHEDE VAN DIE EIENDOM WAAR DIENSTE VERLANG WORD:

| | | | | | |
|------------------------------------|----------------------|----------------------------|----------------------|----------------------|------------------------------|
| Erf nr: | <input type="text"/> | Voorstad/Wyk | <input type="text"/> | Rekeningnommer: | <input type="text"/> |
| Perseeladres: | <input type="text"/> | | | | |
| Datum waarop dienste verlang word: | <input type="text"/> | Dui aan eienaar of huurder | <input type="text"/> | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| Water: | <input type="text"/> | Elektrisiteit: | <input type="text"/> | Riool: | <input type="text"/> |
| | | | | | Vullis: <input type="text"/> |

B. BESONDERHEDE VAN AANSOEKER: (Voltooi i of ii)

i) Privaat Persoon: (Eienaar of Huurder)

| | | | | | |
|--------------------------------------------------|----------------------|------------------------|--------------------------|----------------------|----------------------|
| Van: | <input type="text"/> | | | Titel: | <input type="text"/> |
| Voorletters: | <input type="text"/> | | Voornaam: | <input type="text"/> | |
| Nasionaliteit: | <input type="text"/> | | ID/Passpoort Nr.: | <input type="text"/> | |
| | IS u - | Solvent | Insolvent | | |
| Tel nr. Huis: | <input type="text"/> | | Tel nr Werk: | <input type="text"/> | |
| Faks nr: | <input type="text"/> | | E-Posadres: | <input type="text"/> | |
| Taal: Eng/Afr/Xhosa | E A X | | | | |
| Posadres: | <input type="text"/> | | | Poskode: | <input type="text"/> |
| Permanente Woonadres | <input type="text"/> | | | | |
| Werkgewer: | <input type="text"/> | | | Werkgewer Tel nr: | <input type="text"/> |
| Indien self / aard van besigheid: | <input type="text"/> | | | | |
| Voorkeur vir die ontvang van rekeninge: Epos/Pos | <input type="text"/> | | | | |
| Huwelikstaat: | Getroud | Enkel | Ander | | |
| Huwelikstatus: | Huweliksvoorwaardes | Gemeenskap van goedere | Ander: | | |
| Volle name van gade: | <input type="text"/> | | | | |
| ID/Paspoort nr. van gade | <input type="text"/> | | | | |
| Naasbestaande se voorletters en van: | <input type="text"/> | | | | |
| Naasbestaande se adres: | <input type="text"/> | | | Verwantskap | <input type="text"/> |
| Poskode: | <input type="text"/> | | Naasbestaande kontak nr: | <input type="text"/> | |

'n Gewaarmerkte afskrif van die aansoeker en sy gade se ID-dokument/paspoort moet hierdie aansoek vergesel.

ii) Besighede, BK's, Trusts, Maatskappye, ens.

| | | | | | |
|---------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------|--|----------|----------------------|----------------------|
| Geregistreeerde naam: | <input type="text"/> | | | | |
| Registrasie nr: | <input type="text"/> | | | BTW Reg nr: | <input type="text"/> |
| Tipe regs persoon: | Openbare maatskappy / Privaat maatskappy / Beslote Korporasie / Vennootskap / Trust / Ander | | | | |
| Handelsnaam: | <input type="text"/> | | | | |
| Geregistreeerde Posadres: | <input type="text"/> | | | | |
| | <input type="text"/> | | | Poskode: | <input type="text"/> |
| Tel nr: | <input type="text"/> | | Faks nr: | <input type="text"/> | |
| E-Posadres: | <input type="text"/> | | | | |

Besonderhede van die Besturende Direkteur / Hooflid / Trustee / Venoot :

| | | | | | |
|----------------|----------------------|--|-----------------|----------------------|----------------------|
| Van: | <input type="text"/> | | | Titel: | <input type="text"/> |
| Voorletters: | <input type="text"/> | | Voornaam: | <input type="text"/> | |
| Nasionaliteit: | <input type="text"/> | | ID/Paspoort nr: | <input type="text"/> | |
| Tel nr: | <input type="text"/> | | Mobile tel nr: | <input type="text"/> | |
| E-Posadres | <input type="text"/> | | | | |

- i. 'n gewaarmerkte afskrif van die Besturende Direkteur, Hooflid, Trustee of venoot se ID-dokument / paspoort moet aangeheg word.
- ii. 'n gewaarmerkte afskrif van die maatskappy se registrasie sertifikaat moet ook aangeheg word.

VIR KANTOORGEBRUIK ALLEENLIK

| | | | | | |
|----------------------|--|------------|--|--------|--|
| Deposito: | | Kwitansie: | | Datum: | |
| Heraansluitingsfooi: | | Kwitansie: | | Datum: | |

Handtekening: Kassier

Datum

| | | | |
|--------------|--|------------|--|
| Nuwe Rek nr: | | Ou Rek nr: | |
|--------------|--|------------|--|

| | |
|---------------|--|
| Datum | |
| Voorstad | |
| Erfnommer | |
| Gedeelte | |
| Onderafdeling | |

| | FINALE LESING | NUWE LESING | DATUM |
|---------------|---------------|-------------|-------|
| WATER | | | |
| ELEKTRISITEIT | | | |

Onderhoud gedoen deur: _____

Datum: _____

C. BESONDERHEDE VAN EIENAAR(S) VAN EIENDOM:

| | | | |
|---------------------------------------------|--------------|-------------|--|
| Van/Geregistreeerde naam van die Besigheid: | | | |
| Titel: | Voorletters: | Voornaam: | |
| ID/Paspoort nr./Registrasie nr: | | | |
| Posadres: | | | |
| | | Poskode: | |
| Tel. Nr: | Faks Nr: | E-posadres: | |

Indien die aansoeker 'n huurder is, moet 'n brief van die geregistreeerde eienaar aangeheg word waarin toestemming verleen word dat 'n diensterekening vir die huurder geopen kan word. Die eienaar se volle name, pos- en fisiese adres sowel as sy kontak telefoonnummers moet by die brief ingesluit wees. 'n Gewaarmerkte afskrif van die eienaar se ID-dokument moet ook ingedien word.

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat:

- Al die inligting in die aansoek verstrek, waar en juis is;
- Ek/Ons die bevoegdheid het om die aansoek te onderteken;
- Ek/Ons die inhoud van die aansoek gelees het en dat ek/ons die voorwaardes begryp en aanvaar;
- Ek/Ons begryp dat hierdie aansoek en die voorwaardes daarin vervat, 'n ooreenkoms tussen my/ons en die Munisipaliteit Overstrand tot stand bring.
- **Ek/ons, die ondergetekende, doen hiermee aansoek om 'n elektrisiteitsaansluiting vanaf die munisipale toevoer na die bogenoemde perseel ooreenkomstig die Verordening op Standaardelektrisiteitsvoorsiening soos gepubliseer in Provinsiale Koerant 6589 van 19 Desember 2008, Overstrand se kredietbeleid, SANS 10142-1, NRS 047 en NRS 048. (Neem asseblief kennis dat gelde gehef sal word indien die diens gekanselleer word.)**

Handtekening van die Applikant

Datum

D. Indien die aansoeker 'n beslote korporasie, vennootskap of privaat onderneming byvoorbeeld 'n Trust is (nie 'n privaat persoon, alleen eienaar, publieke maatskappy of 'n staatsorgaan nie) moet die volgende afdeling ingevul word.

Ek/Ons die ondergetekende(s),

| | | | | |
|---|-------|--|--------|--|
| 1 | Naam: | | ID Nr: | |
| 2 | Naam: | | ID Nr: | |

verbind my/ons vir die stiptelike betaling van al die verskuldigde bedrae en gelde wat nou of in die toekoms betaalbaar mag raak, en vir die nakoming van alle verpligtinge wat nou of in die toekoms vereis mag word.

(Hoofdebiteur) hierna verwys as die

HOOFDEBITEUR, ten gunste van die MUNISIPALITEIT OVERSTRAND.

Ek/Ons erken en verstaan dat as borgsteller en as mede-hoofdebiteur ek/ons afstand doen van alle voorregte waarop ek/ons geregtig mag wees voortspruitend uit wetlike uitsonderings, insluitende, maar nie beperk tot:

- Uitsluiting – die reg om te vereis dat die Munisipaliteit Overstrand eerstens geregtelike stappe doen teen die HOOFDEBITEUR vir die betaling van enige verskuldigde gelde alvorens regstappe teen die borgsteller ingestel word;
- Afstanddoening van vervolging – die reg om te vereis dat die Munisipaliteit Overstrand afstand doen van sy reg op betaling van alle skulde deur die borgstelling alvorens enige regstappe teen hom/haar ingestel mag word;
- Staking van aksie – die reg om van die Munisipaliteit Overstrand te vereis om enige aksie vir die betaling van skulde aan die borgsteller alvorens aksie teen hom/haar geneem kan word;
- Die voordeel van gelyktydige dagvaardiging en die verdeling van skulde – die reg van die borgsteller om slegs aanspreeklik gehou te word vir sy pro-rata gedeelte van die totale skuld.

'n Gewaarmerkte afskrif van die applikante se ID-dokument/paspoort moet hierdie aansoek vergesel.

Handtekening 1

Handtekening 2

Getuie

Getuie

E DEERNISHULP KWALIFIKASIE

| | | | |
|----------------------------------|-------------------|----------------------|-------------|
| Bruto Huishoudelike inkomste: | R0.00 – R1 200.00 | R1 201.00 – R2000.00 | + R2 001.00 |
| Getal persone in die huishouding | | | |

Munisipale dienste waarvoor die applikant aansoek doen, sal deur die Munisipaliteit Overstrand op die volgende voorwaardes voorsien word:

- 1) Hierdie aansoek sal vorm gee aan 'n ooreenkoms tussen die applikant(e), hierna die KLIËNT, en die Munisipaliteit Overstrand, hierna die MUNISIPALITEIT, wanneer dit onderteken word.
- 2) Hierdie ooreenkoms is onderhewig aan die tersaaklike wetgewing, regulasies, beleid en ander resolusies.
- 3) Die MUNISIPALITEIT sal van tyd tot tyd fooie, tariewe, heffings en plaaslike belasting bepaal vir die voorsiening van goedere en dienste.
- 4) Rekeninge vir die lewering van dienste is betaalbaar voor of op die datum wat op die rekening verskyn. Die gebruikmaking van agente vir die oorbetalings van gelde aan die MUNISIPALITEIT geskied op eie risiko – ook die tydsverloop vir die oorplasing van fondse.
- 5) Indien enige gedeelte van die gelewerde rekening vir dienste na die vervaldatum wat op die rekening aangedui word, uitstaande is, kan die voorsiening van dienste aan die eiendom deur die MUNISIPALITEIT ingekort en/of opgeskort word. Die KLIËNT sal verantwoordelik wees vir alle kostes in verband met 'n heraansluiting van dienste.
- 6) Betaling van 'n rekening mag nie uitgestel word hangende 'n dispuut nie.
- 7) Dit is die verantwoordelikheid van die KLIËNT om die MUNISIPALITEIT tydig in kennis te stel van enige veranderinge van sy posadres/e-pos adres/telefoonnommers.
- 8) Indien die KLIËNT nie die eienaar van die eiendom is nie, verleen die KLIËNT hiermee toestemming aan die MUNISIPALITEIT om die eienaar van die eiendom of sy/haar agent, na ontvangs van 'n skriftelike versoek, in kennis te stel wanneer die KLIËNT agterstallig is met die betaling van die rekening vir die lewering van dienste. .
- 9) Dienste word aan die eiendom verskaf met die skriftelike instemming van die eienaar van die eiendom. Indien die eienaar van die eiendom sy/haar toestemming te enige tyd skriftelik terugtrek, sal die dienste aan die eiendom deur die MUNISIPALITEIT opgeskort of beperk word.
- 10) Vir alle doeleindes voortspruitend uit hierdie ooreenkoms, kies die KLIËNT en sy borg(e)(indien enige), die fisiese adres van die eiendom domicilium citandi et executandi.
- 11) Beide partye tot hierdie ooreenkoms stem in tot die jurisdiksie van die Landdroshof, ongeag die bedrag wat betrokke is of die remedie wat verlang word, die jurisdiksie van die Landdroshof mag oorskry. Niks hierin vervat sal die MUNISIPALITEIT, of sy opvolger, die reg ontnem om met stappe in enige ander bevoegde hof voort te gaan nie.
- 12) Hierdie ooreenkoms verteenwoordig die ooreenkoms tussen die partye in sy geheel en geen ander ooreenkoms, vertoe of waarborg anders as die wat hierin vervat is, sal bindend op die partye wees nie.
- 13) In die geval van regstappe wat te enige tyd teen die KLIËNT geneem mag word voortspruitend uit hierdie ooreenkoms, sal die KLIËNT vir alle regskoste volgens die skaal wat vir prokureurs en hulle kliënte geld, verantwoordelik wees. Die KLIËNT sal ook aanspreeklik wees vir enige uitgawes wat deur die MUNISIPALITEIT aangegaan mag word ten opsigte van opspoorders sowel as gelde, insluitende seël koste, om die agterstallige gelde in te vorder.
- 14) Indien hierdie aansoek nie vir 'n standaard elektrisiteits- of wateraansluiting is nie, sal die aansoek onderhewig wees aan die goedkeuring van 'n beampte van die MUNISIPALITEIT wat vir die doel aangewys is.
- 15) Die MUNISIPALITEIT sal die aansluiting en meetapparaat vir die voorsiening van water en elektrisiteit aan die perseel teen die voorgeskrewe fooi voorsien.
- 16) Nieteenstaande die betaling van 'n aansluitingsfooie, sal die meetapparaat wat deur die MUNISIPALITEIT voorsien word, die absolute eiendom van die MUNISIPALITEIT bly.
- 17) Nog die KLIËNT, nog enige ander persoon/persone wat nie deur die MUNISIPALITEIT daartoe gemagtig is nie, het die reg om met die werking van die meetapparaat in te meng of daaraan te werk. Die KLIËNT is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die apparaat teen enige skade of steuring beskerm word, Indien die KLIËNT in gebreke sou bly om uitvoering hieraan te gee sal dit daartoe lei dat die MUNISIPALITEIT regstellende stappe sal neem.
- 18) Die KLIËNT moet verseker dat die meetapparaat nie tot so 'n mate deur strukture of plantegroei versper word dat dit nie maklik geïnspekteer kan word nie.
- 19) Die KLIËNT sal verseker dat die MUNISIPALITEIT of sy gemagtigde verteenwoordiger(s), gedurende alle billike ure vrye toegang tot die perseel kan verkry vir doeleindes van inspeksie, meterlesings en die instandhouding van die meetapparaat.
- 20) Die KLIËNT het die reg om die elektrisiteit en water wat vir die eiendom voorsien word, slegs op die perseel te gebruik en sal nie sodanige elektrisiteit of water na 'n derde party versprei nie.
- 21) Die KLIËNT sal verseker dat, indien 'n riooltenk op die perseel gebruik is, dat geen riool enige tyd uit die tenk lek nie en dat die rioolnetwerk op die eiendom in 'n goeie werkende toestand gehou word ten einde te verseker dat dit geen gesondheidsgevaar vir enige persone inhou nie.
- 22) Die KLIËNT stem in dat daar beslag op die deposito, of 'n gedeelte daarvan, wat deur hom betaal is, gelê kan word vir die vereffening van enige rekening of gelde betaalbaar deur hom/haar/hulle wanneer hy/sy/hulle die verskaffing van dienste opskort.
- 23) Indien enige van die voorwaardes vervat in hierdie ooreenkoms nie nagekom word nie, kan die MUNISIPALITEIT die dienste opskort tot tyd en wyl die MUNISIPALITEIT tevrede is dat die situasie reggestel is. Dit sal nie afbreuk doen aan die MUNISIPALITEIT se reg tot enige ander remedie waaroor dit ingevolge hierdie ooreenkoms of enige wetgewing of beleid mag beskik nie.
- 24) Indien die dienste opgeskort word as gevolg van die verkoop van die eiendom of 'n huurder wat die perseel ontruim, moet ten minste 48 uur kennis daarvan vooraf aan die MUNISIPALITEIT gegee word, verkieslik 7 (sewe) werksdae.
- 25) Met registrasie sal huishoudings met 'n eiendomswaardasie tot en met R220000, maandelikse elektrisiteitsverbruik minder as 400kWh en 'n gemiddelde maandelikse waterverbruik tot en met 18 kl, aotomaties 'n deernis subsidie ontvang. The onus rus op die aansoeker om die MUNISIPALITEIT in kennis te stel indien die ontvanger van die subsidie die registreerde eienaar van meer as een eiendom is en/of indien die eiendom nie slegs vir residensiele doeleinde gebruik word nie.
- 26) Indien enige meter nie toeganklik is vir meterlesings, moet die klient aansoek doen en betaal om die meter na die erfrens te laat uitskuif en om die elektrisiteitsmeter om te skakel na 'n koopkragmeter.

Paraaf: Applikant